e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

13 November 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 39

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

'n Anderste Kersfees

Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou. **(Lukas 1: 28)**

Toe ek nou die dag deur een van die groot winkelsentrums in ons omgewing loop, kon ek my verkyk aan al die liggies, versierings en die kleurryke reklame wat nou al vir die komende Kersfees vertoon word. Heimlik het ek gewonder hoe die boodskap in 'n eenvoudige boek, wat ons die Bybel noem, om hierdie aandag kan kompeteer. Skielik het die Bybel vaal, oud en eenvoudig voorgekom. Dit het my genoop om by die huis hierdie Boek nader te trek en die geboorteverhale weer deur te lees. (Lees Matt 1 en 2; Luk 1 en 2.)

Ek het ontdek dat dit inderdaad 'n toneel van besondere eenvoud skilder – 'n gewone jong meisie wat swanger word, tydens die geboorte net 'n stal, 'n krip as lêplek, die gebrek aan hulp by die bevalling, eenvoudige herders as besoekers. 'n Toneel wat kwalik 'n appèl tot die opwinding-behepte wêreld van vandag rig. Doodeenvoudig té arm, té eenvoudig, dalk te dof.

Maar dan lees ek nog verder en daar is meer: Daar is ook 'n ander kant aan hierdie geboorte: Goddelike verskyning, Goddelike gerusstelling oor die grootse openbaring, Goddelike heiligheid omdat die Heilige Gees die lewe in Maria verwek. Goddelike verstomming, letterlik en figuurlik, wanneer Sagaria van die offerrites terugkeer. Goddelike blydskap en opgewondenheid van Maria tot Sagaria, en deur 'n hemelse koor wat enige digitale of stereo-opname tot stilte sou stem. Goddelike belofte van verlossing en redding. Goddelike betrokkenheid by hulle wat voorheen van die verbond uitgesluit was. Goddelike begeleiding tot by die krip. Goddelike ingrype wat voorlopig van die gevaar wegstuur. Goddelike immanensie. Goddelike transendensie, hemelsheid op aarde. Goddelike vrede. Heerlikheid. Goddelike misterie...

Toe ek klaar gelees het, besef ek dat ek die helfte nog nie gesien het nie. Ek het ook besef dat daar sekere dinge is wat die sintuiglik waarneembare dimensies oorstyg in skoonheid en krag. Goddelike dinge. God se Gees se dinge. Die Woord wat 'n wonderwêreld word, bespin deur sy onverstaanbare liefde. Dit word treffend uitgebeeld deur die skynbare mag van Herodes. Uit vrees moet hy mag gebruik om die Kind om die lewe te probeer bring. God se openbaring lê nie op dieselfde vlak nie.

Deur die jare het ons dalk 'n stereotiepe beeld van die geboorte van Jesus gevorm. Sekere simbole soos Kersbome, liggies, geskenke en kleurvolle selfoon-*apps* het vir ons sinoniem met Kersfees geword. Maar in die stilte van Kersfees, en in die skynbare eenvoud, lê daar soveel meer as wat ons kan bedink. En dit is juis in hierdie diepte dat God se openbaring aan ons, God se onverdienbare Gawe aan hierdie wêreld, weer tot sy reg kom. Dit hoef nie met die helder kleure en reklame in die winkelsentrums mee te ding nie. Dit is in 'n ander dimensie...

Mag hierdie Kersfees vir ons anders wees. Mag ons God toelaat om ons weer terug te vat na sy openbaring aan hierdie wêreld, en na sy misterieuse liefde. Jy mag dalk net verbaas wees oor hoe onopwindend die gekommersialiseerde Kersfees daarteen afsteek.

Ds Willie Botha
Lydenburg

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

'n Besondere doopgeleentheid

Drie kollegas

- Ons innige simpatie gaan aan emerituspredikant **ds Stoffel Smit wie se suster** onlangs oorlede is.

- **Prof Natie en Neltjie van Wyk se seun Naas** se gesondheid het drasties agteruitgegaan. Ons bid die gesin die Heer se bystand toe in hierdie moeilike tyd.

- Baie geluk aan emerituspredikant **ds Wikus en Annatjie van der Merwe** met die geboorte van hul kleindogter!

- Baie geluk ook aan **ds Hennie en Lizelle Louw** van Gemeente Newcastle met die geboorte van hul seun Jabrie op 25 Oktober.

- **Ds Wouter en Simoné van Wyk** se babaseun, Wouter Abraham, is op 26 Oktober in Gemeente Verwoerdburg gedoop, saam met ds Van Wyk se niggie, Aletia (en Rikus) van Niekerk, se babadogter, Arike. Die doop is waargeneem deur die oupagrootjies, prof Wouter van Wyk (NHKA) en ds Ampie Barnard (NGK). Die erediens is gelei deur een van die oupas, dr Wouter van Wyk van SENTIK.

- **Ds Mariët Robbertze** het haar 25ste ampsjubileum op Sondag 9 November in Gemeente Magaliesmoot gevier. Di David Barnard en Stephen de Beer en mev Anna van Zyl het groeteboodskappe en gelukwense aan haar oorgedra. Ds Robbertze was betrokke by gemeentes Elandspoort, Pretoria-Wes, Wespark en sedert 2001 by Magaliesmoot. Sy het ook vroeër jare as tydelik-deeltydse junior lektor by Unisa diens gedoen en as navorsingsassistent by UP. Ons is dankbaar vir al die kosbare insette wat sy as predikant van die Kerk op verskeie terreine gelewer het.

- **Gemeente Vaalwater** het hul bedieningsplan aangepas en het so spoedig moontlik **die dienste van 'n predikant nodig** vir die **eerste en tweede Sondae van elke maand**. Die erediens is om 09:30. Die predikant is ook verantwoordelik vir die bediening van sakramente indien dit op die betrokke Sondae val. Tydens die besoeke sal die predikant in oorleg met en op versoek van die kerkraad betrokke wees by die kategese. Die kerkraad is bereid om die predikant R2 000 per preekbeurt te betaal, wat reiskoste insluit. Ad hoc-besoekgeleenthede sal op versoek van die kerkraad met die predikant gereël word teen addisionele vergoeding. Huisbesoek en ander ad hoc-besoeke sal op die kerkraad se versoek met die betrokke predikant gereël word. Reiskoste wat met laasgenoemde verband hou, sal volgens voorgestelde skale betaal word. Indien dit nodig sou wees dat die predikant moet oorslaap, reël die kerkraad verblyf by 'n gastehuis in Vaalwater. Predikante wat belangstel, moet asseblief **teen 28 November 2014** met Ben van Buuren in verbinding tree by 082 568 8916.

- **Ds NM (Nick) Alberts** is losgemaak van Gemeente Wonderfontein en is nou beroepafwagtend. Hy was van 1990 by Gemeente Walvisbaai en sedert 1995 by Wonderfontein.

- Die **Eendrachtkring** kom byeen op **Donderdag 20 November** en nooi alle emeriti en hul gades, asook predikanteweduwees uit na die afsluiting van die aktiwiteite van 2014. Dit behels onder meer die verkiesing van 'n nuwe bestuur en ander toepaslike sakies, wat opgevolg word deur 'n heerlike ete. Die ete is geborg deur die NHSV Hoofbestuur – bring net eie drinkgoed saam. Laat weet asseblief **voor of op Saterdag 15 November** of u die geleentheid gaan bywoon.

Plek: Gemeente Montana
hv Azanza- en Jan Bantjiesweg, Montana
Tyd: 09:30 vir 10:00
Skakel: Gonda Viljoen by 012 813 8031 / 082 324 1105
of Johanna Steyn by 012 348 0314 / 082 749 3071

- **Aksiegroep vir Bejaardes.** Ouderdom het ’n duidelike vooraffase. Geen mens gaan een aand slaap net om die volgende oggend oud en bejaard wakker te word nie. Inteendeel; elke bejaarde sal getuig hoe hulle die verouderingsproses ervaar het en stelselmatig daarmee vrede gemaak het. Goeie advies is om vroegtydig te besef dat hoe lank jy leef en hoe gesond jy is, grootliks van jouself afhang. Almal van ons, jonk en oud, moet daarna streef om deur die genade van die Here so lank moontlik en so goed moontlik voluit te leef. Gee aandag aan die vroeë fase van jou bejaardheid. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- **Gemeente Rust der Winter** se **Nagmaalservies** is tydens ’n onlangse inbraak gesteel. Enigiemand wat ’n servies aan die gemeente kan skenk of verkoop, moet asseblief dringend in verbinding tree met dr Barry van Wyk by 014 715 2614, 082 828 5711 of **bvw@vodamail.co.za**.

- **Die Kerkhistoriese Genootskap** se **jaarkongres** vind op **Donderdag 27 November** by Gemeente Pretoria plaas. Die tema is *Verset teen die owerheid: Die Rebellie van 1914.* Verrigtinge begin om 09:30, waarna **prof AWG Raath** aan die woord is oor die Rebellie van 1914: Generaal JH de la Rey en Siener van Rensburg. **Emeritusprof SJ Botha** sal praat oor die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Rebellie van 1914. Na die oorhandiging van die SP Engelbrecht-erepenning aan dr Kálmán Papp, sal **dr Wim Dreyer** Reformatoriese perspektiewe gee oor verset teen die owerheid. Na afloop van algemene repliek vind die jaarvergadering plaas. Rig navrae aan dr Christo Pretorius by 083 651 9634 of **praetorc@telkomsa.net**.

- **Ring van Roodepoort: Organiseerder Evangelisasiewerk.** Die ring wag aansoeke in vir ’n evangelisasiepos teen onderhandelde vergoeding. Die suksesvolle kandidaat sal ’n teologies gegradueerde wees met ’n belangstelling in evangelisasie. ’n Nagraadse kwalifikasie in evangelisasie sal ’n aanbeveling wees. Hy/sy sal in samewerking met evangelisasiekomitees in die gemeentes van die ring van Roodepoort evangelisasie-inisiatiewe beplan en lei. Die aanstelling sal vir ’n sekere tydperk wees en sal dan geëvalueer word in terme van die daadwerklike groei wat in die gemeentes plaasgevind het. Belangstellendes kan ’n kort en toepaslike CV stuur aan die voorsitter van die ring, ds Kobus Pienaar, by **ajpienaar1@gmail.com**.

- **NHSV beurse en lenings vir 2015.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die NHKA kwalifiseer vir die toekennings. Die lenings/beurse wissel van R3 000 tot R8 000. Aansoekvorms kan afgelaai word van **www.nhsv.org.za**, onder NHSV kantoor, pro forma-dokumente. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2014**.

- Die **Kerkbybel** is weer by **SENTIK se Boekwinkel** beskikbaar teen **net R100 (posgeld uitgesluit).** Kry die volledige 1983 Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel, die Liedboek in groot druk, en die belydenisskrifte in een band. Dit sal ook ’n besondere Kersgeskenk kon wees! Bestel van mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 / faks 086 633 4054 / **sentik@nhk.co.za**.

- Die **vraelyste van die Jeugnavorsingsprojek** waarby die NHKA saam met ander kerke betrokke is en wat onlangs uitgestuur is, kom baie stadig terug. Die betrokke jong lidmate word versoek om hul vraelyste volledig in te vul en so gou moontlik aan die organiseerders terug te stuur. Enige navrae oor probleme wat met die invul ondervind word, kan gerig word aan **YouthSurvey@be.up.ac.za**.

Liturgiese kalender

- **Die laaste Sondag van die kerklike jaar (Ewigheidsondag)**
  Sondag 23 November is die laaste Sondag van hierdie kerklike jaar. Hierdie Sondag staan ook bekend as Ewigheidsondag. Op hierdie dag herdenk die gemeente die lidmate wat gedurende die jaar (of dalk die laaste twee jaar) gesterf het. Die prediking fokus op die opstanding van die vlees en die ewige lewe. Daar word in die besonder voorbidding gedoen vir mense wat geliefdes aan die dood afgestaan het. 'n Spesiale geleentheid kan ook vóór die erediens vir die naasbestaandes aangebied word. Só 'n geleentheid kan byvoorbeeld by die gedenkmuur plaasvind, sou die gemeente oor so iets beskik. Die gedagte is dat hierdie 'n *pastorale geleentheid* sal wees waartydens mense gehelp sal word om weer te treur, te rou en afsluiting te vind. Stilte, stemmige orrelmusiek en voorlesings uit die Bybel en ander geestelike literatuur kan baie vir hartseer lidmate beteken. Die liturgiese kleur is wit, aangesien hierdie dag in die lig staan van Christus se triomf oor die dood.

Spesiale eredienste

- **Gemeente Zuurfontein: 75-jaar-viering**
  Sondag 16 November om 10:30
  Erediens waargeneem deur dr Wim Dreyer
  Openbare belydenis van geloof waargeneem
  deur ds Hannes Janse van Rensburg
  Groeteboodskappe van Kommissie van die AKV en ring van Zuurfontein
  082 927 3700 of **hannes@nhzuurfontein.org**

- **Gemeente Noordelike Pretoria: 80-jaar-viering**
  Sondag 30 November om 09:00
  12de Laan 512, Gezina, Pretoria
  Alle oudlidmate en belangstellendes is welkom
  Na die diens om 12:00 word gebraai by die nuwe onderdakbraai
  Etes beskikbaar, bring eie drinkgoed
  Bevestig **voor 23 November** aantal persone wat gaan bywoon
  Kontak Marian Jordaan by 082 937 7562 / **marianjordaan@telkomsa.net**
  of Pikkie Truter by gemeentelike kerkkantoor
  012 335 9148 / 083 404 5552 / **nhknp123@gmail.com**

Gedig

In memoriam

Toe die eerste bokmakieries fluit,
waar klimop teen die mure, drade klou,
langs bougainvilleas en katjiepierings uit,
na windgeslypte swawels in die blou
en om my lentewind met purperwinde
ritselend teen somerhuisies speel,
dat die natuur die kern word van vreugde,
waar ek tussen mense in die parkie staan;
het ek vandag, met deernis en 'n drang,
om êrens net alleen te wees gegaan
en weerloos in my hart na jul verlang.

Theunis CC Lombard
(Uit: *Papegaaie oor die reënboog* 1969)

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 21 November, en word hartlik geluk gewens:**

o Donderdag 13 November:	Ds IL (Innes) Benadé (Oudtshoorn)
o Vrydag 14 November:	Ds NJS (Nicolaas) Steenekamp (Middelburg)
o Saterdag 15 November:	Di JG (Hannes) Janse van Rensburg (Zuurfontein), F (Francois) du C Labuschagne (emeritus) en PJO (Pieter) Pretorius (emeritus)
o Sondag 16 November:	Dr WC (Wian) Kloppers (Sinodaal), ds CH (Casper) du Plessis (emeritus/Hennenman/ Odendaalsrus) en prop L (Lulani) van der Merwe (beroepafwagtend)
o Dinsdag 18 November:	Dr CJ (Chris) Viljoen (CSO)
o Donderdag 20 November:	Prof J (Johan) Buitendag (UP) en ds CJA (Cornie) Pieterse (emeritus)

Gemeente Bronkhorstspruit Aftree-eenhede

De Oude Pastorie Trust Bronkhorstspruit

Tweeslaapkamereenhede met stoep en toesluitmotorhuis word in die vooruitsig gestel onder die Wet op Behuisingontwikkelingskemas vir Afgetrede Persone (65 van 1988) op basis van lewensreg.

R730 000 onderhewig aan eskalasie

Die eenheid sal reg teenoor die Hervormde kerkgebou (langs die ou pastorie) opgerig word en is binne loopafstand van 'n verskeidenheid besighede, dokters, apteke, oogkundiges, poskantoor, munisipale kantore, ensovoorts.

Kontak die gemeente gedurende kantoorure by 013 932 2929 of 082 353 9752

Beplande vergaderings

o Vrydag 14 November:	OSR Finkom
o Maandag 17 November:	Raad vir Kerkregtelike Advies
o Dinsdag 18 November:	ADV Kommunikasie Kuratorium
o Woensdag 19 November:	OSR Bestuur Komitee vir Herskrywing van Kerkorde
o Donderdag 20 November:	Bejaardesorg Bestuurskomitee

Tuki e'State

Studente-akkommodasie

Universiteit Pretoria

Gemeubileerde kamers in private koshuis en kommunes beskikbaar vir studente
Naby Universiteit, sportgronde en inkopiesentrums
Vir Afrikaanse Christenseuns en -meisies

Vanaf R2 800

+27 12 362 1192 / +27 79 500 7500 / +27 71 659 6114
E-pos: admin@tukiestate.co.za / Info: www.tukiestate.co.za

Allegaartjie

Wees nederig. Ons lei ons kinders op om in hulself te glo, maar daar is 'n fyn balans tussen in jouself glo en om te dink die sonsopkoms begin by jou. (Nicky Newton-King, uitvoerende hoof JSE)

Kampe

- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp 2015**
  Plek: *Serube Sa Phakwe*
  (avontuur-, sport- en lewensvaardigheidsentrum in die Vredefort-koepel)
  Datum: Dinsdag 6 tot Vrydag 9 Januarie 2015
  Tyd: Vertrek Dinsdag 6 Januarie om 13:00
  Terug Vrydag 9 Januarie om 13:00
  Vertrekpunt: Vanaf die kerkgebou in Silwerstraat 19
  Ons ry almal saam per bus – jy gaan hier reeds begin vriende maak!
  Skakel dr Rudy Denton by 082 459 9710
  of Terzie Denton by 082 475 4618
  of Cari Lourens by 076 971 0326 indien jy enige vrae het
  Besoek ons webblad vir registrasie:
  http://www.studentegemeente.com
  http://www.facebook.com/PotchStudente

- **Tuks-eerstejaarskamp 2015**
  (Studentegemeente Philadelphia se Eerstejaarskamp)
  Saterdag 10 tot Woensdag 14 Januarie 2015 by Kwaggasrus
  Besoek webblad **www.tuksejk.co.za** vir inskrywingsvorm en inligting
  Navrae: Dr Sanrie de Beer (083 226 1866) / ds Martin Slabbert (082 655 4787)
  Bemarking: Kornel Korb (071 602 3817) en Su-Marie Calitz (084 423 1031)

- **Gemeente Kaapstad se kampterrein**
  Bekostigbare akkommodasie in Desember-skoolvakansie
  Kom kuier Desember op Melkbosstrand
  Die kampterrein word weekliks as kleuterskool bedryf
  Die badkamerfasiliteite is vanjaar opgeknap
  Slaapplek @ R100 per persoon per nag
  Plek beskibaar vanaf 12 Desember 2014
  Navrae: Sarie van Schalkwyk 021 553 2110

Konsert

- **Gemeente Villieria: Konsert met Kevin Leo**
  Vrydag 14 November vanaf 19:00
  R80 per volwassene, R50 per kind
  Bespreek by ds Corné Lemmens 082 701 0270

of stuur ’n SMS op WhatsApp
Kaartjies sal ook by die deure te koop wees
Wegneemetes kan vooraf bestel word:
Worsbroodjies R20, pannekoek R3, koeldrank R8

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 15 November: Gemeente Bronkhorstspruit**
  Karp Hengelkompetisie
  Plek: Vlooikopdam
  Koste: R150 per hengelaar met 2 stokke
  R100 per kind
  Pryse: Slagos en baie ander groot pryse
  Navrae: Frans le Roux – 082 892 1325
  Agom Prinsloo – 072 345 2025

- **Saterdag 22 November vanaf 08:00: Gemeente Montana-Oos**
  Veldfietswedren
  Ook heerlike eetgoed en speletjies vir die kinders
  By Die Stoor, Kameeldrift-Oos (volg aanwysings vanaf Moloto-pad)
  10, 30 en 50 km ritte
  Inskrywings: **www.cycleevents.co.za** / **www.fusionsport.co.za**
  Meer inligting by 012 804 8407 / **info@fusionsport.co.za**

Fondsinsameling

- **Gemeente Magaliesmoot: Kaas-en-wyn-kuieraand**
  Saterdag 29 November, 18:30 vir 19:00
  Under the Tuscan Moon
  Elindi van den Heever as gaskunstenaar
  R120 per persoon, R100 vir pensioenarisse en R50 vir laerskoolkinders
  Navrae aan ds David Barnard by 083 441 1789 / **davidbarnard@mweb.co.za**

Basaars en markte

- **Maandag 24 tot Saterdag 29 November 09:00-21:00**
  Gemeente Trichardtsfontein: Kersmark
  Prinsloostraat, Trichardt
  Unieke Kersgeskenke, deurlopende teetuin, verversings
  Springkasteel, klasse, kindertoesig, skaap te wen
  Navrae aan Marietjie Breytenbach by 072 105 6328
  of Abraham Breytenbach by 072 484 4105

- **Vrydag 28 November vanaf 14:00**
  en Saterdag 29 November 08:00 tot 13:00
  NHSV, Gemeente Warmbad: Kersmark
  By die kerksaal in Ludorfstraat (tussen Mentz- en Groblerstraat), Bela Bela
  Vrydag: Kosstalletjies en uitstallers
  Vanaf 18:30: Lig-en-Kersmelodie (toegang gratis en verversings te koop)
  Saterdag: Ontbyt, kothuis-, koek-, kos- en ander stalletjies, teetuin
  Navrae oor uitstallings en stalletjies:
  Suzi van Dyk 083 310 4949 (**thysan@mosmail.co.za**)
  Mercia Bacon 083 557 6185 (ná 14:00)

- **Saterdag 29 November: Gemeente Wesmoot: Kersmark**
  By Makro in Wonderboom
  Enige gemeente wat wil saamwerk, kan ds Fanie Beukes kontak
  073 167 1183 / **faniebeukes@yahoo.com**

- **Saterdag 29 November vanaf 14:00**
  Gemeente Greylingstad: Kersmark
  Uitstallers kan plek bespreek teen R100 per stalletjie
  Kontak Sarie Pieterse by 082 903 4336 / ds Fanie Naudé by 083 391 3151
  Greylingstad is 50 km vanaf Heidelberg op die ou Durbanroete
  Later Kersliedere by kerslig, gelei deur Nelmarie en Christaan Rabie
  Ververs ings te koop

ANDER NUUS

- Die **Ondersteuningsraad** soek dringend ’n **sekretaresse** vir hul Kantoorkomitee. Hulle vergader 1 x elke 3 maande. Die vergadering begin gewoonlik om 08:30. Hierdie is ’n **vrywillige diens**, vir iemand met ’n hart vir welsyn wat graag betrokke wil raak. Daar is dus **geen finansiële kompensasie** nie. Die pligte is die afneem en tik van die notule. Belangstellendes kan die OSR kontak by 014 717 3594.

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees.** (Let asseblief op die nuwe groottevoorskrif.)

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit). *(Die prys styg met ingang van Januarie 2015 na R200 per plasing.)* Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Die laaste *e-Hervormer* van 2014 verskyn op Donderdag 4 Desember. Die eerste uitgawe van 2015 verskyn op Donderdag 15 Januarie.

KOMMENTAAR

Lesers kan **kort kommentaar** (uiters 100 woorde) stuur na **produksie@nhk.co.za**. Anonieme bydraes word nie gebruik nie, en die finale besluit oor plasing berus by die redakteur.

“Graag wil ek u bedank vir die gereelde *e-Hervormer* wat ons ontvang. Ons deel elke Sondagoggend om agtuur die nuus en inligting met ons luisteraars. Daar is luisteraars wat nie ’n kerkdiens kan bywoon nie, weens ouderdom of siekte, en afhanklik is van die radio. So hoor hulle ook wat gebeur waar.”

Marie Pitout, Lichvaal Stereo 92.6 fm

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Goeie God,
help my tog om ’n nederige gees te behou.
Om stil en vol vrede, geduldig en liefdevol,
vriendelik en teer te bly teenoor almal rondom my.
Mag elke woord en gedagte en aksie
tog vir die mense hier om my
’n proeseltjie wees van u Gees in my.

– Thomas More 1478-1535
(Dié Engelse staatsman se daaglikse gebed
terwyl hy in The Tower of London
teregstelling afgewag het)

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx